*Woensdag* **30 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 6: 1-7**
**Fokusgedeelte: 2 Konings 6:5-7 (AFR53/2020)**

## Wie in geloofsvertroue bid, sal ontvang

Ons worstel soms met die vraag: Wat alles kan ek in my gebede van die Here vra, veral wat verband hou met die geringe persoonlike behoeftes in ons alledaagse doen en late?

Die profeteseun beleef, waar hy saam met die ander besig is om hulle blyplek te vergroot, 'n persoonlike krisis. Die byl waarmee hy balke gehelp kap het, val in die water. Hy is nie in staat om dit te herwin nie. Hy kan dit ook nie vervang nie. Daarvoor is hy te arm. Yster in Israel op daardie stadium was ook skaars. Hy het hulp dringend nodig.

Die jong man soek deur die profeet Elisa hulp by God. Die Here stel hom ook nie teleur nie. Die Here is orals almagtig teenwoordig. Hy is kragtig betrokke deur sy Woord (Elisa se woorde) en natuurlike middele (stukkie hout). Elisa gooi die stuk hout in die rivier waar die byl ingeval het en die yster dryf bo-op die water. Die profeteseun is nou in staat om dit uit die water te haal.

Ons kan ook met ons skynbaar onbelangrike persoonlike krisisse in vertroue na die Here toe kom:

- In my soeke na die regte woorde omdat my kind nou dringend raad nodig het.
- In die skielike keuse wat op my afgedwing word.
- Vir wysheid wat ek nodig het sodat ek my werk in diens van die Here beter te kan verrig (vgl. die skietgebed van Nehemia in 2:4).

Ons het mos 'n hemelse Vader. Deur Christus het ons sy kinders geword en Hy maak vir ons die genadehand van die Vader wyd oop. Wie in geloofsvertroue tot ons hemelse Vader bid, sal ontvang. Die Vader sal in sy wysheid beslis aan ons gee wat ons nodig het. Christus belowe dan ook: *"Vra en vir julle sal gegee word ... Want elkeen wat vra, ontvang …"* (Luk 11:9, 10).

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6 (Sb. 17)*
*Ds. HG (Garrie) Schutte (Emeritus)*